Die Belofte moet eers Sterf – deur P.K. Odendaal Jul. 2008

Ons ken die beloftes van die Here en weet dat dit ja en amen is, maar ons kom tog keer op keer op 'n plek waar ons voel die Here het ons in die steek gelaat en nie sy belofte aan ons vervul nie. Ons raak dan soms mismoedig en selfs kwaad vir die Here.

As ons egter oor die saak nading sal ons vind dat die Here osn nie in die steek gelaat het nie, maar dat ons die belofte verkeerd verstaan het of the tyd vir die vervulling van die belofte misgetas het.

Dit is in elk geval nie 'n eenvoudige geval van belofte en vervulling wat met mekaar gepaard gaan soos oorsaak en gevolg nie - alhoewel dit ook baie hiermee te doen het.

'n Belofte van die Here is soos sy Woord wat uitgaan en kan ons die gelykenis van die saaier ook daarop toepas. Die saaier saai hierdie beloftes, maar sommige daarvan val langs die pad en word deur voels opgeeet, 'n deel val op rotsagtige plekke en word verskroei en sommighe verstik in dorings. Selfs die wat in goeie grond val kom nie dadelik op nie.

As mens na die ou pelgrims in die bybel kyk, dan merk mens ook op dat dit vir hulle ook nie dadelik opgekom het nie. Ek noem 'n paar voorbeelde van mense wat die belofte ontvang het, maar nooit verkry het nie (omdat God iets beters oor ons beskik het) :

1. Heb 11:32 En wat sal ek nog meer sê? Want die tyd sal my ontbreek as ek van Gídeon, Barak en Simson en Jefta, Dawid en Samuel en die profete sou verhaal, v.33 wat deur die geloof koninkryke oorweldig het, geregtigheid uitgeoefen, beloftes verkry, bekke van leeus toegestop, v.34 die krag van vuur uitgeblus, die skerpte van die swaard ontvlug, krag uit swakheid ontvang het, dapper gewees het in die oorlog, leërs van vreemdes op die vlug gedryf het. V.35 Vroue het hulle dode deur opstanding teruggekry, en ander is gefolter en wou geen bevryding aanneem nie, om 'n beter opstanding te kan verkry. V.36 Ander weer het die proef van bespottinge en geselinge deurstaan, ook van boeie en gevangenis. V.37 Hulle is gestenig, in stukke gesaag, versoek, deur die swaard vermoor. Hulle het rondgeloop in skaapvelle en in bokvelle; hulle het gebrek gely, hulle is verdruk, mishandel — v.38 die wêreld was hulle nie werd nie—hulle het in woestyne rondgedwaal en op berge en in spelonke en skeure in die grond. V.39 En alhoewel hulle almal deur die geloof getuienis ontvang het, het hulle die belofte nie verkry nie,

Die skrif se ook in Hebr. 11:13 In die geloof het hulle almal gesterwe sonder om die beloftes te verkry, maar hulle het dit uit die verte gesien en geglo en begroet, en het bely dat hulle vreemdelinge en bywoners op aarde was.

Vir die wat wel die belofte ontvang het, het dit ook maar lank geneem - totdat hulle mismoedig geword het en die belofte vaarwel toegeroep het. Vir hulle moes die belofte eers sterf.

1 Jakob het die belofte gekry dat sy broers voor hom sou buig, maar dit het slawerny, die tronk en 'n hongersnood gekos voordat dit gebeur het.

2 Abraham moes uit sy familie uit trek na die beloofde land, maar dit het hongershood in Kanaan en 'n verleentheid in Egipte gekos voordat hy daarin kon gaan woon - en selfs toe het hy die belofte verwaarloos deur Lot daarin te laat woon.

3 Johannes die Doper het die belofte van die Lam van God en moes later vra - Is U die een wat sou kom ?

Ons kry die antwoord in 1Co 15:36 Dwase mens! Wat jy saai, word nie lewendig as dit nie gesterf het nie. V.37 En wat jy saai - jy saai nie die liggaam wat sal word nie, maar 'n blote korrel … maar God gee dit 'n liggaam soos Hy gewil het.

So ook met die saad van die Here. Hy vervul sy belofte nadat Hy dit gesaai het in die vorm van 'n korrel en wek dit op in 'n vorm soos Hy dit gewil het, maar Hy wag daarop soos die landbouer :

Onthou die skrif in Jakobus 5:7 Wees dan geduldig, broeders, tot op die wederkoms van die Here. Kyk, die landbouer wag op die kostelike vrug van die aarde en het geduld daarmee totdat dit die vroeë en die laat reën ontvang het.

Ons moet ook maar wag vir die beloftes totdat ons siele die vroee en laat reens ontvang het, want die Here wag ook geduldig daarop.

As beste voorbeeld hou ek aan u voor die belofte van die Vader in Joh 3:16 Want so lief het God die mense gehad …

Hy praat hier niks van dat die Here Jesus moes sterf nie - maar daardie belofte moes sterf op die kruis sodat ons die belofte van redding kon verkry en Johannes het vooruit gese, maar nie besef, dat die Lam van God eers moes sterf nie.

Sal ons nie ook maar die belofte in die verte sien en glo en begroet nie en soos die landbouer daarop wag met geduld nie.

Visit www.whatafriend.co.za for more information. These articles are given freely to everybody. You may use this material freely in your home, or church. You may also reproduce for non-commercial purposes, provided that you include copyright and contact information. All other uses, or selling is illegal.